Jeugpredikers is grot-ontdekkers

Richard van Wyk

Dr Richard van Wyk is gemeentepredikant by die NG gemeente Mosselbaai.

Some seminary wag drew a cartoon several years ago that pictured Jesus talking to Simon Peter at Caesarea Philippi. Peter has responded to the first question: "Who do men say that the Son of Man is?" and is now replying to the question: "But who do you say that I am?" Peter answers: "Thou art the paradoxical Kerugma, the epistological manifestation of the existential ground of ontological ultimacy." Jesus responds simply: "Huh?" (Aanhaling per e-pos ontvang.)

Dít is ook baie kere die belewenis van tieners en jongmense wanneer hulle 'n erediens verlaat: "Huh?" Is daar iewers hulp vir jeugpredikers?

*Onder die meeste skrywers wat oor jeugprediking skryf, vind ons 'n gemene deler. Dieter Zander (1995:36-42) praat van die "4 R" beginsel: **"be Real, be Relevant, be Rousing and be Relational"** (vgl. ook Meyer, 2000:13; Burton, 1994:26).*

R R R R R R R R R BE REAL R R R R R R R R R

*Tydens 'n preekkursus het Johan Cilliers dit soos volg verwoord: "Wie op die kansel staan, is 'n mens van vlees en bloed, met 'n eie geskiedenis, 'n eie verhaal en 'n eie worsteling met God. Wie op die kansel probeer om enigsins anders as haar- of homself te wees, maak van prediking iets anders as wat dit veronderstel is om te wees." Met apologie aan alle predikers (en Breyten Breytenbach): Elke voël moet sing soos hy/sy gebek is. Dus, **"be Real".***

"The Word of God comes to the youth not only through Christ and not only through the Bible, but also through my life as the preacher – my mind, my heart, my personality." (Barry 1984:19.) Jongmense wil graag aanvaar word vir wat hulle is, en "… they are willing to accept you as you are, provided you're real. That's freeing." (Zander 1995:40.)

Die Chevy Nova was vir baie jare 'n relatief suksesvolle motor in die VSA. Dit was egter nie so suksesvol in Meksiko en Latyns-Amerika nie. Nadat alles probeer is, het die bemarkers hulle fout agtergekom. In Spaans beteken Nova – "no go." Kennis van taal is van die uiterste belang as 'n mens 'n produk wil verkoop.

Dit geld ook vir die prediking aan die jeug. Om "real" te wees, is dit nodig dat predikers jongmense se taal sal leer ken. 1 Kor 14:10-11 sê: "Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en nie een is sonder betekenis nie. Maar as ek 'n taal nie ken nie, sal die een wat dit praat, vir my onverstaanbaar wees en ek vir hom."

BE RELEVANT

Daar is gewoonlik twee redes hoekom jeugprediking irrelevant is. Predikers haak vas by die historiese tyd van die teks of laat nie die leefwêreld van die hoorders effektief in die Bybelteks meespreek nie.

'n Groot hulp vir predikers wat die konteks van die jeug wil verdiskonteer, is die empiriese navorsing van Van der Ven, Dreyer en Pieterse (sien die bronnelys).

Dit spreek vanself dat jeugprediking sonder die insette van die jeug self, gewoon spekskiet is. "We must trust our hearers to be Christians, contemporary homiletics further asks us to trust them as co-creators of the sermon." (Long, 1983:13.)

In Europa is baie navorsing gedoen oor hoe predikers insette vanaf die hoorders van die preek effektief kan gebruik. "From all these experiments one form emerged that has stood the test of time and offers real possibilities. This is what is known as the sermon workshop." (Pieterse 1983:26.) Die jongmense het dus medespreekreg ten opsigte van die Woord en die (gepredikte) woord.

BE RELATIONAL

As jy as jeugprediker iets sinvols wil doen – bou verhoudings!

Die rockgroep "Soul Asylum," sing in hulle trefferliedjie "Homesick": "I am homesick for the home I've never had." Egskeidings, intieme familieverhoudings wat glad nie meer bestaan nie, besige, afwesige of wanneer albei ouers werk, dra daartoe by dat die generasie 'n honger na verhoudings het. "They have seen a profusion of different family relationships, such as dad's girlfriend, mom's previous ex-husband, my second step-father, or my step-brother's father's ex-wife." (Codrington, intyds.)

BE ROUSING

"Be rousing" is "… a hunting term for flushing an animal out of hiding" (Zander 1995:41). In Afrikaans kan van entoesiasme of kreatiwiteit gepraat word. Dit beteken nie dat die prediker die jongmense die heeltyd moet vermaak nie, maar dat hy/sy ook by die "tough, honest, and sometimes unanswerable questions" (Zander 1995:41) moet uitkom.

Deur die loop van die geskiedenis word daar vier basiese mediakulture geïdentifiseer. In die vroegste tye was die gehoorsintuig dominant (Ps 44:2). Daarna volg die visuele (alfabetiese) mediakultuur. Die proses van skeiding tussen oor en oog het begin. Hierop volg die intensief visuele (tipografiese) mediakultuur. Lees het allesoorheersend geword.

Tans bevind ons ons in die multisintuiglike (oudiovisuele/globale) mediakultuur waar 'n eie visuele taal geskep is, wat bekend staan as "language in light" (fotografie), na aanleiding van die Griekse woorde photos (lig) en grahia (skrif). Al die sintuie word nou benut. Die jeug wat die eredienste bywoon, word daagliks hieraan blootgestel, maar dié soort kommunikasie word meestal nie in die erediens gebruik nie.

In 'n preek gerig aan die jeug sou 'n mens dus beswaarlik kon wegkom sonder multisintuiglike kommunikasie (visuele hulpmiddels).

Ten slotte

Long (1983:14) gebruik 'n wonderlike beeld om die prediking te verduidelik: Verbeel jouself dat die gedeelte uit die Bybel waaroor jy Sondag wil preek, nie 'n klomp woorde op papier is nie, maar dat dit 'n diep, misterieuse grot is. As prediker is jy 'n opgeleide ontdekker van grotte wat in die spesifieke grot instap. Flitslig in die een hand en tou in die ander hand, vol avontuurlus en afwagting vir dit wat jy heel moontlik gaan ontdek, stap jy die grot binne. Ander mense het al vantevore die grot nagevors. Jy het selfs hulle kaarte en verhale oor die grot gelees. Jy het opgewonde geraak oor dit wat hulle oor die grot vertel het. Jy kan nie wag om die grot te ondersoek nie, want die navorsers voor jou het vertel dat daar nog baie geheime daarin opgesluit lê. Die prediker stap al dieper in die grot in, al dieper in die teks in, soms deur groot kamers en soms deur nou gangetjies waar jy met moeite deurskuur. Jy loop soms in gange af wat eindig in doodloopstrate. Ander kere skyn jy jou lig op afgronde wat so groot is dat jy met jou toerusting glad nie daaroor kan kom nie. Dan weer loop jy oor klein lysies, soms verloor jy byna jou balans, en dan … Dan beweeg jy oor 'n smal lysie om te ontdek waarna jy so hard gesoek het. Dit kan dalk 'n groot waterval wees wat onder die aarde na benede stort of dit kan lieflike stalagmiete of stalaktiete wees. Jou flitslig gooi die wonderlikste kleure oor dié formasies en vir lank staan jy daar doodstil in totale verwondering oor dit wat jy ontdek het. Terwyl jy daar staan, besef jy opnuut dat dit net genade is wat jou so ver gebring het.

Jy weet wat om dan te doen. Stadig maar seker loop jy op jou spoor terug, noukeurig teken jy 'n kaart van die wonderlike ontdekkingsplek en dan hardloop jy na buite, na die jongmense wat buite vir jou wag. Die stof en die modder van die ontdekkingstog is nog vars op jou gesig en hande en jy praat opgewonde: "Kom! Kom gou! Ek wil vir julle iets gaan wys. Julle moet dit sien. Dit is eenvoudig fantasties." Dan lei jy die jongmense na die wonder van God se Woord, God se "dabar." Jy neem die jongmense saam met jou sodat hulle ook sal kan sê: "Die Woord van die Here het vandag tot ons gekom." (Lukas 4:21.)

BRONNELYS

Barry, J.C. (ed) 1984. *Preaching in today's world.* Nashville, Tennessee: Broadman Press.

Burton, R. 1994. *Effective ministry to Baby Busters.* Eastern journal of Practical Theology. 8(Fall):21-33.

Codrington, G. *Generation X: Who, what, why and where to?* [intyds]. Beskikbaar: http://come.to/genx-thesis.

Long, T.G. 1983. *The distance we have traveled: changing trends in preaching.* Reformed Liturgy and Music. 17:11-15.

Meyer, F. Andrag-. 2000. *Kan die kerk X'ers laat tuisvoel?* Die Kerkbode: 21 April 2000:13

Pieterse, H.J.C. 1983. *Preaching in urban congregations.* Theologia Evangelica. 16(1):21-28.

Van der Ven, J.A; Pieterse, H.J.C. 1998. *The Religious interpretation of violence by South African Youth.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 13(2):51-68.

Van der Ven, J.A; Dreyer, J.S; Pieterse, H.J.C. 1998a. *Transformative orientations among South African Youth.* Religion and Theology. 5(3):239-264.

Van der Ven, J.A; Dreyer, J.S; Pieterse, H.J.C. 1999. *Social location of transformative orientations among South African Youth.* Religion and Theology. 6(1):1-23.

Van der Ven, J.A; Dreyer, J.S; Pieterse, H.J.C. 2000. *Images of Jesus among South African Youth.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 15(1):53-81.

Zander, D. 1995. *The Gospel for Generation X.* Leadership. 16(Spr):36-42.